

**28 Desember**

**Skrifgedeelte: Openbaring 21:1-8**

**God se vernuwingsagente**

Daar is mos niks en niemand wat nie ouer word nie. Dit geld ook vir die hele skepping. Paulus sê in Rom 8 dat die skepping in die greep van verganklikheid sug en ons as gelowiges sug ook en verlang na die volkome heerlijkheid.

Maar die hemel is nie die volkome heerlijkheid nie. Eers na die wederkoms van Christus sal dit aanbreek. Johannes skryf van 'n nuwe hemel en aarde, van 'n nuwe geloofsgemeenskap (die nuwe Jerusalem). In die sentrum is daar die troon van God, maar dit is so naby dat God by die mense woon.

God werk nou reeds aan hierdie nuwe wêreld. Die koninkryk van God het reeds gekom en die burgers van hierdie koninkryk is "nuwe mense" (2 Kor 5:17). Deel van hierdie nuwe lewe wat eenmaal volmaak word, is dat God die trane afdroog en die dood en leed en smart laat verdwyn. Hy gee aan elkeen wat daarom vra (wat dors het) van die fontein met lewende water (sy onuitputlike genade). Daarteenoor gaan die stoet van ongelowiges wat van Hom af weg beur, finaal weg van Hom af in die ewige straf.

Jy is ook God se agent vir vernuwing, want jy is mos deur sy Gees en Woord nuut gemaak. Daarom bou jy mos op elke plek waar jy kom aan God se rekonstruksiewerk. En jy bou in gehoorsaamheid aan wat God wil vir elke lewensfeer.

Wat 'n heerlike roeping!

*Sing: Skrifberyming 23b:1-5*

*Dr B Duvenage (Emeritus)*